**Vrydag 25 Augustus**
**Skriflesing: Kolossense 3:18 – 4:1**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:22-24**
**Doen elke dag jou werk as ’n gawe soos ’n slaaf vir die Here**

Daar is baie riglyne oor verhoudings tussen mense in die Nuwe Testament. In hierdie gedeelte handel dit oor wedersydse verhoudings en dan fokus ons veral op die verhouding tussen slawe en eienaars. Ook slawewerk is ’n gawe van God.

Om as ’n slaaf te werk, was inderdaad baie sleg. Slawe het geen vryheid en regte gehad nie. Hulle is baie min betaal en baie kere glad nie eers betaal nie. Slawe was die eiendom van hulle eienaars en is baie keer baie sleg behandel. Tog moet die slawe met ’n opregte hart uit eerbied vir die Here werk.

Daar word dan aan die slawe verkondig om wat hulle ook al doen, dit van harte te doen soos vir die Here. Die slawe het die troos dat die Here hulle harde werk sien en ook weet hoe sleg hulle behandel word. Die slawe werk ook getrou en eerlik en met ’n positiewe gesindheid, omdat die Here dit sien. Die slawe word verseker dat hulle die beloning van die Here sal kry vir hulle harde werk, omdat hulle eintlik in Christus se diens staan.

Jesus Christus het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan ons mense gelyk geword (Fil. 2:7). Dieselfde gesindheid moet ook in ons wees. Elke gelowige is ’n slaaf in diens van Jesus Christus. Daarom is al die werk wat ons doen, slawewerk as ’n gawe vir die Here. Wat ons ook al doen, doen ons van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.

So gee die Here diepte aan ons werk van elke dag. Ons werk tot eer van die Here en daarom is geen werk vir ons ’n straf nie. Ons werk om die Here te dien en nie net om deur ons eie werk bevoordeel te word nie. Ons werk elke dag met vreuge vir die Here, want ons glo dat ons aan die einde van ons aardse lewe die ewige rus van die Here sal ontvang.

*Sing: Psalm 73-1:10*

*Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)*